# HBK Nuus / News

No. 26-02 | 30 June 2026



## Beter of Bitter?

'n Paar jaar terug gesels ek met vriende oor oud word en hoe die tyd almal van ons inhaal. Rondom ons is mense in hulle tagtigs en self negentigs en tog is dit opmerklik hoe hulle verskil. Sommige se liggame wankel meer as ander, maar die groot verskil lê in hulle gees. Van hulle straal van inspirasie terwyl ander sukkel om elke dag te begin. Daar en dan het ek besef - as mense ouer word, word hulle of BETER of BITTER. Sommige is vol kwinkslae en pak die lewe elke dag met nuwe indees en dankbare lewenslus aan terwyl ander kla en kerm oor alles en glo almal werk met 'n plan teen hulle. Van die weer, tot die politiek, die paaie tot die pryse van alles. Mense wat nimmer eindigend kla kan nogal jou energie tap terwyl die "beteres" jou batterye laai. Laasgenoemde het 'n lus vir die lewe en deel hulle kennis en wysheid mildelik met die jonger geslag, soms op 'n amusante en selfs 'n ligte, sarkastiese manier. Die vraag is, wat maak die verskil? Wat laat sommiges met 'n huppel opstaan, al is dit effens stadiger met 'n paar krake en kreune, en ander se ontbytpap is net altyd koud?

In die landbou is daar nie 'n tekort aan redes om te kla nie, maar met 'n dieper kyk kom 'n ander prentjie na vore.

Dalk lê die verskil in dankbaarheid en 'n doelbewuste besluit?

In this issue, we begin publishing regional news. Some have already kicked off, while others are still planning. Please support the regions; the numbers are smaller, and the breeders are closer together. With the given content, it was also proposed during a regional meeting that only three newsletters will be published during the year.

Thank you to those who have renewed their membership. If you have not, please contact Evelyn asap.

News about the AGM will be communicated soon.

Dankie aan ons borge. Ondersteun hulle asseblief.

***HBK Voorsitter en Bestuurspan***

*"Do the best you can until you know better. Then when you know better, do better." — Maya Angelou*

# Streeksnuus / Region News

Van die streke het met aktiwiteite begin terwyl ander nog in beplanning is. Die volgende paragrawe gee 'n opsomming wat tans in elke streek gebeur of beplan word. Kontak asseblief die streekverteenwoordigers om deel te word van die Whatsapp groepe om streeks inligting op 'n gereelde basis te kry.

## HBK Noord

Die nuutgestigte Hoëveld Bonsmara Streekklub Noord (HBK Noord) het op 27 Mei 2026 sy heel eerste saamtrek by die Boma Restaurant in Wolwespruit gehou — 'n warm en gesellige begin van wat ons hoop 'n lewendige gemeenskap van Bonsmara-telers en kommersiële boere in die groter Gauteng en Wes Mpumalanga (Noorde)-omgewing sal word.

As deel van die breër HBK is die Noord-streek gestig om lede in hul eie omgewing nader aan mekaar te bring, sodat kennis makliker gedeel kan word, vriendskappe gebou kan word, en die ras waaroor ons almal so passievol is, kan groei. Hierdie eerste byeenkoms was juis 'n bekendstelling — 'n geleentheid vir lede om mekaar oor 'n paar drankies te leer ken, stories te deel, en bowenal hul insette te lewer oor wat hulle van die klub verlang en hoe dit voortaan bedryf behoort te word.

Sowat 13 lede het by ons aangesluit, en dit was 'n aand vol goeie geselskap en opregte geesdrif vir die pad vorentoe.


Ons was bevoorreg om twee uitstekende sprekers aan te bied. Chantelle Baptiste van Fairtree Asset Management het lede waardevolle insig in die huidige markomgewing gegee — altyd 'n tydige onderwerp vir boere wat vooruit beplan. Prof Wayne Truter van die Universiteit van die Vrystaat het daarna 'n bitter insiggewende praatjie oor veldgehalte en -bestuur gelewer, met praktiese wysheid wat elke veeboer reguit terug plaas toe kon neem.

Hierdie was net die begin. Ons het baie planne bespreek . Ons hoop om 'n klub te bou wat deur sy lede gedryf word — een waar elkeen 'n stem en 'n rede het om betrokke te raak.



Ons wil graag enige Bonsmara-stoet- of kommersiële boer in die Noord-streek hartlik uitnooi om aan te sluit en deel te wees van wat ons besig is om te bou en sal jou graag by ons volgende geleentheid wil sien.Om aan te sluit of meer uit te vind, kontak **Fanus Weldhagen (Streekvoorsitter) by 082 441 2771.** Ons sien uit daarna om jou by ons volgende saamtrek te sien.






---

## HBK Sentraal

'n Ope Fase C afsluiting was gehou by Sernick op 12 Junie 2026 waartydens meer as 100 bulle van 5 verskillende telers ge-evalueer is. Die afsluiting was gedoen deur Martiens Aveling en Mark McIntyre wat ruim tyd toegelaat het om bulle te bespreek en die wat bygewoon het geleentheid te gee om deel te neem. Inspeksie bly maar een van die beste geleenthede om te te leer en idees uit te ruil.




---

Dankie Martiens en Mark asook Dawid Smit en sy span vir goeie reëlings en gasvryheid.

**Martiens Aveling – 083 309 7355**
**Mark McIntyre – 082 579 0531**
**Johan Hagen – 083 300 1070**





---

## HBK Noordwes

n Opleidingsdag word beplan by Sewe Ster Bonsmaras naby Hartbeesfontein. Die datum sal binnekort bevestig word.

**Stanley Dewing – 073 265 4897**




---

# HBK Oos

'n Groot dag word beplan by AG Bonsmaras op 14 Augustus 2026. Arthur de Villiers lei die inisiatief en beplan die volgende:

**Spreker 1: Paul van Niekerk** - Bovelder teler en Voorsitter- hy kom praat oor hoe hulle dit reggekry het om hulle mooi tipe, diepte, kapasiteit en goed agter die blad diere konstant te teel. (Geen Bovelder advertensie nie).

**Spreker 2: Frans Odendaal** wat Beefmasters teel kom praat oor hoe hy dit regkry om sy groot getal verse op twee jaar te laat kalf EN weer herbeset te kry (geen Beefmaster advertensie nie).

**Spreker 3: Stephan Cronje** van Molatek kom praat oor BASIESE lek-aanvulling. Somer, winter, lente, herfs, jong beeste, koeie met kalwers, ens. (Nie Molatek bemark nie). 'n Veearts kom praat oor ononderhandelbare aksies van 'n diere gesondheids oogpunt af - soos Trichtoetse, vrugbaarheidtoetse voor jou dekseiseisoen, sponssiekte by jou jong diere, knopvelsiekte ens.

**Spreker 4: Arthur** self gaan praat oor die paar duisend bulle wat in die Hoëveld omgewing verkoop word met wat hom betef, nie voldoende inligting nie. Eienskappe soos geboortemassa, speenmassa, teelwaardes, stambome en ander praktiese wenke wat werk. (geen direkte AG bemarking nie).

Die teiken gehoor is Bovelder kopers, Beefmaster kopers, veldbultoetsgroepe en boere en dan kan ons as Bonsmara boere dalk ook iets leer van bg. sprekers.
Arthur beplan om vir die mense 1000 Bonsmaras te wys - verskillende groepe, met 'n kort bespreking by elke groep. Hiervoor sal ons 'n parade van bakkies hê wat 'n roete deur Arcadia ry.

Middag ete sal 'n vleisbraai wees met bykosse en "likwidêre" verversings.

**Arthur de Villers – 082 564 8912**
**Jean Viljoen – 083 310 3952**






# FOR CATTLE ON DRY VELD AND CROP RESIDUES

## MOLATEK DRYVELD 46 & LICK MIX 87 CONCENTRATE

**MOLATEK**'s ready-mixed **DRYVELD 46** is suitable as a maintenance lick for dry and lactating cows. Mixed with grain, it can be used as a production lick. Use **MOLATEK LICK MIX 87 CONCENTRATE** to mix your own transition, maintenance and/or production licks on the farm.

### ADVANTAGES

- Stimulate intake and digestion of dry grazing.
- Limit weight loss during winter.
- Prevent dry gallsickness.
- Increased conception and calving percentages.
- Optimum microbial protein production due to synchronised release of nitrogen (from urea) and energy (from molasses).

Visit us online

For specific information contact your nearest Technical Advisor

DRYVELD 46 V20820 (Act 36 of 1947)
LICK MIX 87 CONCENTRATE V19783 (Act 36 of 1947)
N-FF2663 (Namibia)

*Since 1985*

**MOLATEK**

## HBK Suidwes

Aktiwiteite sal beplan en gekommunikeer word.

**Martin Wipplinger – 083 303 0297**
**SP Olivier – 083 680 6326**

---





**BONSMARA BULAFROND**

Spesiaal geformuleer om algehele kondisie te verbeter vir uitnemende veilingsaanbieding.

- Verskaf hoë energie en doeltreffende vesel om vinnige en veilige afronding te verseker.
- Maklik opneembare sink versterk hoewe en beperk oorgroei.
- Seleen en koper dra by tot 'n gesonde pels.
- Seleenvlakke is aangepas om spermsel integriteit te ondersteun.

Getoets en verfyn in die Sernick Bonsmara Stoetkudde. Die resultate is duidelik sigbaar.

**BONSMARA LEK-AANVULLINGS**

- Prestasie gewaarborg.
- Saamgestel om mineraaltekorte aan te vul.
- Verbeterde opname.
- Versterk die immuunstelsel.
- Sink vir proteïensintese en verbeterde rumenfunksie.

**Die Bonsmara Lek-Aanvullingsreeks**

- Bonsmara Beeslek 280
  Produksielek tydens die kalfseisoen wanneer daar nie voldoende groenweiding beskikbaar is nie.
- Bonsmara Beeslek 400
  Winterlek vir soetveldweiding.
- Bonsmara Beeslek 500
  Winterlek vir suurveldweiding.

www.sernick.co.za   Sernick Group

SERNICK® VEEVOERE | FEEDS

**Kontak 'n Sernick Tegniese Adviseur**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Noord-Wes, Gauteng & Mpumalanga | *Kobus Theart* | *078 505 5363* | *kobust@sernick.co.za* |
| Noord- & Wes-Vrystaat | *Kriek van Niekerk* | *076 757 6771* | *kriek@sernick.co.za* |
| Sentraal & Suid-Vrystaat | *Wiegard Brummer* | *082 804 3462* | *wiegard@sernick.co.za* |
| KwaZulu-Natal | *Pierre Kapp* | *078 105 5764* | *pierre.kapp@sernick.co.za* |
| Oos-Vrystaat & Oos-Kaap | *CM Kotze* | *082 553 7189* | *cm.kotze@sernick.co.za* |
| Oos- & Noordoos-Vrystaat | *Danie Fourie* | *071 083 5601* | *daniefourie@sernick.co.za* |

# Technical / Tegnies



## Weidingsbestuur: Beginsels vir Volhoubare Produksie

### Prof Wayne Truter

Weidingsbestuur is nie bloot 'n stel reëls nie, maar eerder 'n bestuursfilosofie. Hoewel daar algemene riglyne en beproefde praktyke bestaan, bly elke plaas uniek ten opsigte van klimaat, grondtoestande, veldtipe en produksiedoelwitte. Daarom moet bestuursbesluite voortdurend aangepas word binne 'n gesonde filosofiese raamwerk wat rekening hou met plaaslike omstandighede.

**Natuurlike veld**

Februarie is gewoonlik die warmste tyd van die jaar, waarna die groei en voedingswaarde van veral subtropiese grasspesies geleidelik begin afneem. Met die eerste ryp word hierdie grasse dormant en bly hulle in 'n rustoestand totdat temperature en daglengtes gedurende die lente weer begin toeneem.

'n Kernbeginsel van goeie veldbestuur is om te verseker dat die veld nie gedurende die herfs oorbenut word nie. Wanneer plante in hierdie tydperk onder oormatige beweidingsdruk verkeer, word hul energiereserwes uitgeput. Dit verswak die plante en vertraag hul herstel en produktiwiteit gedurende die daaropvolgende lente.

Die periode vanaf Maart tot die eerste ryp is daarom uiters krities. Gedurende hierdie tyd behoort beweidingsdruk verminder te word deur veebelading strategies aan te pas. Dit stel plante in staat om voldoende reserwes op te bou vir die winter- en lenteseisoen.

Die konsep van veldrus is egter nie altyd eenvoudig nie. Sommige produsente laat gedeeltes van hul plaas vir 'n volledige groeiseisoen rus, wat dikwels uitstekende resultate lewer. Tog kan daar situasies wees waar 'n spesifieke kamp eerder eers doelbewus benut moet word voordat dit later gerus word. Faktore soos veldtoestand, spesiesamestelling en die onderskeid tussen suurveld en soetveld speel 'n belangrike rol in hierdie besluit.

In sekere gevalle, veral in soetveldgebiede, kan herstelperiodes van langer as een groeiseisoen nodig wees. Nietemin is dit altyd verkieslik om veld effens onderbenut eerder as oorbenut te laat. Oorbenutte veld herstel aansienlik stadiger en kan ernstige druk op 'n plaas se voervloeibeplanning plaas.

**Die rol van brand**

Brand vorm 'n belangrike komponent van veldbestuur, maar moet versigtig toegepas word. In wese verwyder brand plantmateriaal selfs meer intensief as swaar beweiding. Wanneer veld te vroeg in die herfs gebrand word, kan die daaropvolgende hergroei waardevolle wortelreserwes uitput indien die plante nie genoeg tyd kry om weer energie op te bou voor die winter nie. Hierdie reserwes is noodsaaklik vir sterk lentegroei.

Ideaal gesproke behoort brand plaas te vind wanneer die veld reeds dormant is, of vroeg genoeg sodat die plante nog minstens ses weke se aktiewe groei voor die eerste ryp het.

Hierdie periode laat voldoende blaarontwikkeling en die opbou van energiereserwes in die wortelstelsel toe. Sterk wortelontwikkeling voor die winter dien as 'n belangrike versekeringspolis teen swak lentegroei en moeilike produksieomstandighede.

Aa**ngeplante weidings**

Hoewel dieselfde basiese beginsels vir aangeplante weidings geld, bied hierdie stelsels groter bestuursbeheer as natuurlike veld. Aangeplante weidings bestaan dikwels uit een dominante spesie waarvan die voedingswaarde, groeipatroon en produksiepotensiaal goed bekend is. Verder kan produksie deur bemesting en besproeiing doelgerig beïnvloed word.

Aangeplante weidings speel 'n kritieke rol in voervloeistelsels wat op natuurlike veld gebaseer is. Hulle bied die geleentheid om voertekorte gedurende kritieke periodes aan te vul en sodoende druk op die natuurlike veld te verminder.

Subtropiese aangeplante grasse volg oor die algemeen dieselfde groeisiklusse as natuurlike veld, terwyl gematigde spesies soos raaigras en hawer juis gedurende die koeler maande produktief is. Die insaai van gematigde spesies in dormante subtropiese weidings kan daarom 'n uiters doeltreffende strategie wees om jaarlikse voervloei te verbeter.

**Staande hooi**

Die sukses van staande hooistelsels berus hoofsaaklik op drie beginsels:

1. Die onttrekking van beweiding of hooimaak betyds voor die eerste ryp, sodat plante minstens ses weke se hergroei kan ondergaan.
2. Doelgerigte bemesting gedurende hierdie hergroeifase om kwaliteit en opbrengs te verbeter.
3. Die keuse van geskikte spesies wat hul voedingswaarde goed behou gedurende die dormante winterperiode.

Wanneer hierdie beginsels korrek toegepas word, kan staande hooi 'n waardevolle bron van wintervoer vorm en die behoefte aan aangekoopte aanvullings verminder.

**Praktiese aanbevelings vir die komende maande**

Vir die komende herfs- en winterperiode behoort die volgende bestuursaksies prioriteit te geniet:

- Verminder veebelading betyds op natuurlike veldweidings.
- Verseker dat elke kamp voldoende rus ontvang, verkieslik ten minste een volledige groeiseisoen elke drie tot vier jaar.
- Sny hooi betyds op aangeplante weidings sodat daar minstens ses weke se hergroei voor die eerste ryp oorbly.
- Bemes aangeplante weidings strategies om voldoende kwaliteit staande hooi vir die winter te verseker.
- Oorweeg die insaai van gematigde spesies in subtropiese grasse om groenvoer gedurende die laat winter en vroeë lente beskikbaar te hê, veral waar addisionele grond vir winterweidings beperk is.


Deur hierdie beginsels konsekwent toe te pas, kan produsente die produktiwiteit, volhoubaarheid en langtermyn gesondheid van hul weidingsstelsels aansienlik verbeter.



Die rooi beeste is op aangeplante winter korog weidings (hoe druk beweidingstelsel)



Die swart bees is op natuurlike winterveld (gematigde klimaatzone) onder hoë druk van vinnige rotasie van beweidingsstelsel.


Cargill
SETTING
THE STANDARD
XPC™ - Supports the immune system to optimize animal health and well-being, promote production efficiency, and maintain strength and overall performance.
When you believe it's far better to maintain good health than to treat an illness.
Get the facts on what matters. Contact your local Diamond V representative or visit DiamondV.com
XPC™
Diamond V

# Telerprofiel / Breeder profile / Mohaelisa profile

## Benjamin Bosch

## *Balans, Boerdery en Bonsmaras*




Ek is op 30 Januarie 1959 in Sutherland gebore, bekend as die koudste dorp in Suid-Afrika. Ek het my skoolloopbaan in die Karoo voltooi en in 1977 aan Hoërskool Fraserburg gematrikuleer.
Na skool het ek my diensplig verrig. Ek het my Junior Leierskursus in Oudtshoorn voltooi en is daarna aan die Suidwes-Afrika-Spesialiseenheid (Berede) toegewys, waar ek, met die rang van Luitenant, tydens die Grensoorlog in Sektor 10 diens gedoen het en was later bevorder tot die rang, Majoor.

Hierdie tydperk het 'n groot invloed op my karakter en lewensbeskouing gehad en het my geleer om dissipline, deursettingsvermoë en verantwoordelikheid te hê.
Met die voltooiing van my militêre diens het ek aan die Universiteit van die Vrystaat studeer, waar ek 'n Landbougraad verwerf het met Akkerbou en Veekunde as hoofvakke. Daarna het ek my professionele loopbaan by Senwes begin, waar ek van 1983 tot 1988 as Senior Landboukundige gewerk het.


Dit was ook gedurende my studentejare dat ek my vrou, Ansa, ontmoet het. Ons is in 1984 getroud en is geseën met drie kinders – twee dogters en 'n seun. Vandag geniet ons die voorreg van twee kleinkinders, wat ek as een van die grootste seëninge aanskou (die Rykdom van my lewe).

In 1988 het ek my voltyds op die plaas Edgar's Hope in die distrik Bothaville gevestig. Hier boer ek tans met mielies, sonneblom, sojabone en behartig 'n Bonsmara-stoet.




Genetika was nog altyd deel van my lewe. Van jongs af het ek 'n belangstelling in genetika en diereverbetering gehad. Oor die jare was ek betrokke by Staffordshire Bull Terrier-honde, Arabierperde, Merinoskape en selfs wedvlugduiwe. Hierdie passie vir teling het uiteindelik daartoe gelei dat ek aktief by die Bonsmara-bedryf betrokke geraak het.

Ek het my eerste Bonsmara-koeie in 2003 aangekoop. Vir my verteenwoordig die Bonsmara alles wat ek in 'n beesras waardeer: 'n Ware Suid-Afrikaanse ras wat wetenskaplik ontwikkel is en wat homself jaar na jaar onder praktiese veldtoestande moet bewys. Ek hou jaarliks veiling saam my vennoot Paul Maré as Qualitrio Bonsmaras.




My lewensfilosofie kan in een woord saamgevat word: BALANS. Balans in my geloof, my huwelik, my gesinslewe, my vriendskappe, my sakebelange en my teelbesluite. Hierdie beginsel vorm die grondslag van alles wat ek aanpak.




Ek glo absoluut in mentorskap en met alle eer en dankbaarheid aan Oom Arthur de Villiers, wat vir baie jare 'n ware mentor en inspirasie vir my was.

Om lojaal en betroubaar te wees teenoor jou mede-boer en die Bonsmara ras is ononderhandelbaar vir my.

Vandag dien ek op die Bonsmara SA-raad, waar ek verantwoordelik is vir die portefeulje van Veilings - Opleiding en Inspeksies. My betrokkenheid strek egter verder as Suid-Afrikaanse grense. In 2023 het ek saam met Arthur de Villiers Jnr. die geleentheid gehad om boere in die Verenigde State van Amerika te besoek, waar ons opleiding aangebied en inspeksies uitgevoer het. Hierdie ervaring het my opnuut laat besef dat Bonsmara internasionaal as 'n uitsonderlike beesras erken en gerespekteer word.



*Ek saam met Arthur de Villiers Jnr. en George Sell in Texas.*

‘Vir my gaan sukses nie net oor prestasie nie, maar oor die nalatenskap wat 'n mens bou – deur jou geloof, jou gesin, jou medemens en die kwaliteit van die diere wat jy vir die volgende geslag nalaat..

**Baie dankies aan jou Benjamin.**

**Dankie dat jy HBK ondersteun en moeite doen om geleenthede by te woon.**
**Dankie dat jy met passie jou kennis deel en keurings interessant en leersaam maak.**
**Dankie vir jou geduld.**
**Dankie dat jy ’n ware ambassadeur vir Bonsmara is.**

**Ons salueer jou Majoor!**




# VIR BEESTE OP DROË WEIDINGS EN OESRESTE

## MOLATEK DRYVELD 46 & LICK MIX 87 KONSENTRAAT

**MOLATEK** se klaargemengde **DRYVELD 46** is geskik as 'n onderhoudslek vir droë en lakterende koeie. Wanneer dit met graan gemeng word, kan dit as 'n produksielek gebruik word. Gebruik **MOLATEK LICK MIX 87 KONSENTRAAT** om jou eie oorgangs-, onderhouds- en/of produksielekke op die plaas te meng.

### VOORDELE

- Stimuleer die inname en vertering van droë weidings.
- Beperk massaverlies gedurende die winter.
- Voorkom droëgalsiek.
- Verhoogde konsepsie- en kalfpersentasies.
- Optimale mikrobiese proteïenproduksie weens die gelyktydige vrystelling van stikstof (vanaf ureum) en energie (vanaf melasse).

Besoek ons aanlyn

Vir spesifieke inligting, kontak jou naaste Tegniese Adviseur

DRYVELD 46 V20820 (Wet 36 van 1947)
LICK MIX 87 KONSENTRAAT V19783 (Wet 36 van 1947)
N-FF2663 (Namibië)

*Since 1985*


**MOLATEK**

# Veilings / Auctions - until end Aug 2026






BOULLOFF BONSMARA'S
2de Produksieveiling
Vrydag, 26 Junie 2026 om 11:00
Frankfort Veilingskrale
• Bulle getoets vir Myostatin afwykings tov dubbelbespiering.
• Bulle sal geënt wees teen Bek-en-klouseer
BOULLOFF BONSMARAS
Aanbod: 30 x Bulle
BETHLEHEM
BEMARKER Johannes Schoeman: 082 564 9433 | PJ Muller: 060 966 9340
EIENAAR Jaco Eloff: 082 853 3321 | Johan Eloff: 082 785 9378
AFSLAER Ian Grobbelaar: 060 965 6207
VLEISSENTRAAL BETHLEHEM 058 303 5226 · bethlehem@vleissentraal.co.za


LA FRANCE
BONSMARAS
·PRODUKSIEVEILING 2026·
9 JULIE 2026
WINBURG VEILINGS KOMPLEKS
20 SP BULLE
250 Kommersiële Vroulike Diere
IN ALLE PRODUKSIE STADIA
BONSMARA SA
Altyd Beter
LAR14-446
8 SEUNS OP VEILING
VLEISSENTRAAL
BLOEMFONTEIN
GDL
KYRON AGRI
Jacques Pienaar 076 387 7718 · Jaco Pienaar 082 782 8492
Allan Sinclair 082 825 0059 · Johan Van der Nest 082 574 4220





GESAMENTLIKE VEILING 2026
WOENSDAG | 15 JULIE 2026
VRYHEID VEILINGSKRALE
HVR
Grys en Rooi
Renzo Brahmans
REGISTERED BONSMARA STUD
Optimum Cattle
COMPANY
ALFORD SIMMENTALERS
JMB
Just Magnificent Breeds
JOH MARIE BRAHMANE
Lood van Rensburg
083 459 3291
SP Olivier
083 680 6326
Johan Mahne
082 322 7689
Robert du Toit
072 610 1002
Enrico Williams 078 937 0923
Riaan Ferreira 082 567 2223
Moolman Mentz 083 229 2500
Abrie Landman 083 426 1929
BKB
BREEDPLAN


HARRISMITH VEILING GPS: S28°09.532' E028°57.460'
DINSDAG • 21 JUL 2026
11:00 • GROOTDRAAI
HARRISMITH
40 SP Bulle
100 Kommersiële
Vroulike Diere
FERRERO
BONSMARAS
Sedert 1982
BONSMARA
SA
Op Veiling!
AJF23-599 (seun van AJF21-130)
AJF23-698 (seun van AJF18-290)
AJF23-624 (seun van AJF17-414)
AJF23-237 (seun van GJG18-247)
AJF23-518 (seun van AJF19-423)
AFSLAERS:
BKB LIMITED
NAVRAE:
SWIFT VEE
Bid Online
www.swiftvee.com
BKB



GELDENHUYS BONSMARAS
BONSMARA SA
28 JULIE 2026, 11:00
TE SPITSKOP, BELFAST
-JCV-
LOT 6 JCV 21-037
40 BULLE
80 VROULIKE DIERE
17DE PRODUKSIE VEILING
ROCCO 082 799 2776 | MOLIE 083 229 2500 | MICHIEL 072 191 4325
BKB


BELFAST VEILING GPS: S25°37'59.01" 029°55'48.78"
Vir meer inligting, katalogus en voorwaardes besoek gerus ons webtuiste: www.bkb.co.za
ROETE: Vanaf N4 vat die Belfast afrit tot by 1ste 4rigting stop, draai links op Spitskoppad vir 16km( 8km teerpad, reguit oor op grondpad vir nog 8km) tot by plaas.
=JCV=
BONSMARA SA
BKB LTD | POSBUS 220, FRANKFORT, 9830
TEL: 058 813 1071 | FAKS: 058 813 2317
FRANKFORT@BKB.CO.ZA | REG. NO. 2005/026173/07
NAVRAE: ROCCO VAN ROOYEN 082 799 2776 | MOLIE MENTZ 083 229 2500
MICHIEL GELDENHUYS 072 191 4325
AFSLAER: BILLY LYONS 082 785 5498 | BKB ERMELO 017 811 2027
BKB
www.bkb.co.za


'N LEGENDE
los meer as
voetspore
HY LAAT GENERASIES AGTER.
BENDITO
BONSMARA
LEGENDES VAN DIE VELD
BENDITO BONSMARA
PRODUKSIEVEILING | 30 JULIE 2026
KLEINSEUNS VAN LAR 14-173 MAESTRO IS OP VEILING



BONZO
BONSMARAS
PRODUKSIEVEILING
31 JULIE 2026
2 MAANDE
OM TE GAAN
20 SP BULLE
TOP GENETIKA
BONZO
RMC
BONSMARAS
www.bonzobonsmaras.com
Mark McIntyre 082 5790531


MARAIS BONSMARA
J.S.M
JSM
21-121
-PRODUKSIEVEILING-
DINSDAG 11 AUGUSTUS 2026
Swift VEE
11:00 - EMOYA ESTATE - BLOEMFONTEIN
30 SP Bonsmara Bulle & 200 Vroulike diere
BLOEMFONTEIN
Bärend Britz 082 776 0495 | Kobus Marais 083 261 6858
Pierre van Rooyen (gasverkoper) 082 372 3233 | Willie Snyman 082 375 2524
Mike Killassy 082 378 8112 (Afslaer)



Zinabos Bonsmara
The 40th Showdown
Where the best come to battle
7 August 2026 — Plaas Hoogland, Fouriesburg
LOT 8
CEF 210428
50 Bulls
39 Stud cows
(Golden Oldies)
15 Stud Heifers
200 Oxen
Tested through time
ZinaBos
Bonsmara
BKB
Swift VEE
All animals on auction are vaccinated against FMD
Fourie Scheepers 083 701 8382
Esias Scheepers 083 469 4714
Douw van Wyk 083 458 7353
Mike Killassey 082 378 8112


WESTBOURN
BONSMARA
SAVE THE DATE
PRODUCTION AUCTION
27 AUGUST 2026 | 11:00 DAMPOORT DEWETSDORP
30 SP BULLS | 10 SP FEMALE ANIMALS | 80 COMMERCIAL FEMALE ANIMALS
FAFA VD WESTHUIZEN - 071 6000 792 | RIAAN BOTHA - 083 451 6996
Swift VEE BID ONLINE


Sit jou kudde in die Spotlight!
AVELING BONSMARA
Aveling Bonsmara & Vriende
Produksieveiling
20 Augustus 2026
30 Bulle
150 vroulike
aanteeldiere
ANDRÉ KOCK & SEUN
VRYSTAAT

# Adverteerders en Borge Tariefkaart

Om die waarde-aanbod van ons borge en adverteerders te verbeter, is 'n tariefkaart ontwikkel. Die kaart bied buigsaamheid en gefokusde promosies vir ons diens- en produkverskaffers.

**Hoëveld Bonsmaraklub (HBK) Advertensie / Borg Tariefkaart -2025**

| | |
|---|---|
| Maatskappy Naam: | |
| Kontak persoon: | |
| Sel nommer: | |
| Email: | |

| Item | Media | Frekwensie | Inhoud | Spasie | Koste/Jaar | Keuse |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Nuusbrief | 5 x uitgawes/jaar | Promosie artikel/uitgawe | A4 | R2 500 | |
| 2 | Nuusbrief | | Logo in al die uitgawes | A6 Maks | R2 500 | |
| 3 | Nuusbrief | | Veilingadvertensie (nie lede)/uitgawe | A5 | R2 000 | |
| 4 | Nuusbrief | | Veilingadvertensie (lede)/uitgawe | A5 | Gratis | |
| 5 | Whatsapp | 1 x per maand | Promosie / advertensie post | | R1 800 | |
| 6 | Veiling | 1 x HBK veiling/jaar | Stalletjie, banners, promosie items | | R2 500 | |
| 7 | Veiling ete | | | | Teen koste | |
| 8 | Boeredae | 1 tot 3 per jaar | Stalletjie, banners, promosie items | | R2 500 | |
| 9 | Boeredae ete | | | | Teen koste | |
| 10 | AJV | 1 x naweek | Lokaal | | Teen koste | |
| 11 | AJV | | Etes | | Teen koste | |
| 12 | AJV | | Gasspreker | | Teen koste | |
| 13 | Jaar Pakket | Items 1, 2, 5, 6 en 8 | | | R10 000 | |
| | | | | | Totaal (BTW Uitgesluit) | |

1. Adverteer by Boeredae
2. Promosies artikels kan tegniese en opvoedkundige inligting bevat.
3. Whatsapp promosie kan aan die HBK Bemarkingspan (Ester en Estelle) gestuur word vir plasing.
4. Adverteerdes/borge kan ook gebeurtenisse of aanbiedings op die HBK maandkalender laat aanbring.
5. Die HBK dra geen verantwoordelikheid vir enige inligting wat deur adverteerders geplaas word.
6. Adverteerders bly totaal aanpsreeklik vir enige produkte en dienste aangebeid.
7. Die HBK is gevrywaar teen enige moontlike eise sodanig.

Kontak: Giel Bekker 0824972453 giel.bekker@projectway.co.za

Baie dankie aan die volgende borge wat ons reeds ondersteun.


HIPRA
DETECT&
PROTECT
HIPRABOVIS® 4
HIPRABOVIS® SOMNI/Lkt
NASYM® UBAC® STARTVAC® INMEVA®
HIPRA
HIPRA SOUTHERN AFRICA
Hipra Southern Africa, (Pty) Ltd., Building 5, 1st floor, Office Unit Number 02,
Pretoria Atterbury Estate, 19 Frikkie de Beer Street, Menlyn 0181, South Africa
Tel.: (+27) 012 348 1506 · Fax: (+27) 012 348 6519 · southernafrica@hipra.com www.hipra.com